



Vir Immigrante 'n „Kleinigheid”

Die volgende gesprek tussen 'n immigrant en 'n ander persoon wat toevallig in een van die Kaapstadse groot hotelle aangehoor is, is deur 'n briëfskrywer onder aandag van die Cape Argus gebring. Dit werp lig op hoe immigrante in staat is om huise en woonstelle in die hande te kry sonder dat hulle dit deur middel van die kontroleur doen.

A: My vrou en ek is sedert ons 'n week gelede hier aangekom het, tuis in 'n hotel. Dit is baie beknop en ondoeltreffend vir onthale.

B: Wat jy nodig het is 'n klein woonstel in die gebied.

A: Ja, dit is wat ons nodig het, maar wat van die kontroleur van behuising?

B: Moet jou nie oor so 'n kleinigheid bekommer nie. Wanneer wil jy die woonstel hê?

En so kry vreemdelinge woonstelle en huise terwyl landsburgers met die wet gedwing word om tot twee jaar tou te staan.

Die advertensiekolomme van dagblaie wemel elke dag van advertensies van immigrante wat huise wil huur. Hulle verwag tog seker nie dat die behuisingkontroleur sy lang naamlys saamstel uit advertensies in koerante nie—en tog hulle vind dit blykbaar profytlik!

Immigrante Stig Jingo-Vereniging

Die stelling van Die O.B. dat die Britse immigrante na Suid-Afrika gestuur word met die sending om die Afrikaner toe te ploeg en die Unie as voorpos vir Brittanje te behou, word sterk gestaan deur die stigting van 'n „British Overseas Club” deur die aangekome nuwelinge, wat dan ook 'n blad uitgee wat hoofsaaklik in Engeland sirkuleer ter aanmoediging van ander Britte om te kom. Sowel in Johannesburg as in Kaapstad bestaan reeds takke van hierdie vereniging wat hom beywer vir die samesnoering van alle Britte.

In Brittanje self word in die koerante van die immigrante as stemvee vir die Empire gepraat, soos blyk uit die volgende berig in die Londense Daily Express:

„Nog 'n immigranteskip met 1,300 nedersetters uit Brittanje kom Vrydag in Kaapstad aan. . . . Tienduizend sal vanjaar aankom, en hulle mag die hele politieke toestand in die Dominium verander.”

Die opskrif van die berig is sonder doekiesomdraai: „STEMMEVRAG.”

In 'n onderhoud met 'n verteenwoordiger van Die O.B. het 'n amptenaar van die 1820 Settlers Association wat hom al jarelank vir immigrasie beywer, die stigting van die nuwe klub as „ongelukkig” beskryf omdat dit noodwendig sal lei tot die bestending van 'n gees in Suid-Afrika wat samewerking in die toekoms tussen die twee rasse baie moeiliker gaan maak. Dit is die beleid van hierdie vereniging om aan alle immigrante wat onder hulle beskerming na Suid-Afrika kom, dit baie duidelik te stel dat hulle moet vergeet van 'n vaderland oor see en dat hulle alle kragte aan hul nuwe vaderland moet wy, is verklaar.

„Ek beskou die stigting van hierdie „British Overseas Club” as in direkte opposisie met ons

vereniging,” het hierdie amptenaar verklaar. Hoewel hulle voorgee om die nuwe aankomelinge te help om wortel te skiet, kan die 1820 Settlers Association nie sien hoe die „British Club” hierdie doel kan dien nie, aangesien hulle niks van die land se omstandighede af weet nie, aldus ons segsman.

KLEIN ENGELAND

Dit is baie duidelik dat hierdie groep immigrante van plan is om 'n klein Brittanje in Suid-Afrika te plant waar alles in werking gebring moet word met die doel om Britse belange te bevorder.

Sels Arthur Barlow se weekblad is geskok oor die onbeskaamdheid, en hy vra teen wie hierdie immigrante besig is om te verenig. Hy beskou dit as nie alleen 'n belediging vir die Afrikaanssprekendes nie maar ook vir die Engelssprekendes. „Hoe op aarde kan die immigrante hulle weg hier vind as hulle met die een voet in Suid-Afrika en met die ander in Engeland staan?” vra die blad.

„Julle het 'n eenvoudige keuse. Noem julle klub „The New South Africans”. Bly hier en maak Suid-Afrika jul land en jul eerste trou—of trap.” is die raad van hierdie blad aan die immigrante.

O.B.-Dag-Insamelings Lewer Verrassing

Die eerste aankondigings van O.B.-dagopbrengste op 8 Augustus was 'n verbluffende verrassing.

Franschhoek se kommandantskap, wat sy funksie op 9 Augustus gehou het, het die skitterende bedrag van meer as £300 ingesamel, wat meer as £100 hoër as verlede jaar se opbrengs is.

Die reëlins van hierdie funksie was onder leiding van waarn. komdt. D. J. Malherbe, wat in die plek van komdt. J. J. Hugo optree, wat nog met vakansie in Kenia is. Die funksie is geopen deur hoofgenl. Max Smuts.

Genl. Smuts gaan ook optree as spreker op Caledon op 23 Augustus en op Morreesburg op 30 Augustus, wanneer die Koringbergse kommando hul funksie hou.

Wellington het Saterdag, 9 Augustus, hul funksie gehou onder leiding van komdt. C. du Toit. Ook hierdie kommandantskap het skitterend gepresteer met 'n bedrag van meer as £200.



Genl. Max Smuts.

Die geesdrif was oorweldigend. Genl. Max Smuts het as spreker opgetree.

Die Kaapse Skiereiland wat Maandag-aand hul byeenkoms gehou het, het die pragtige bedrag van £1,147 ingebring, waartoe die Boerejeug alleen £136 bygedra het.

'n Verslag van die verrigtings verskyn in die volgende uitgawe.

Genl. Smith Tuis

Die toestand van die Adj. K.G., genl. J. A. Smith, het dermate verbeter dat hy voor verlede week na sy plaas naby George vervoer kon word, waar hy tans egter nog die bed hou.

Hofsaak Teen Adv. Pirow

Die staat het adv. Oswald Pirow in kennis gestel dat hy op 5 September in die hof moet verskyn op 'n aanklag van aanhitsing. Die klag is gegrond op 'n artikel wat gedurende Mei in „Die Nuwe Orde” onder die opskrif: „Neem die wet in eie hande” verskyn het. Daar word beweer dat die artikel aan die hand doen dat nie-blankes wat op sosiale gebied tussen die blankes indring, aan die nek uitgegooi moet word. Die saak sou eergister in Pretoria gedien het, maar is uitgestel tot 5 September.

Duitse Leiers In Engeland

ENGELAND VERLOOR INDIË NA TWEE EEUE

Die Britse bewind in Indië is verlede Vrydag na 200 jaar beëindig toe die Britse onderkoning die gesag aan die Indiese Wetgewende Vergadering oorhandig het. Met hierdie stap het Engeland een van die rykste en een van die gebiede wat hy die meeste uitgemergel het, vir goed verloor.

Twee vrygewestes, Pakistan en Indië, het hierdeur tot stand gekom. Pakistan bestaan uit twee dele wat deur 'n afstand van 1,000 myl geskei is. Dit is Mohammedaans en word gelei deur Jinnah. Die bevolking tel sowat 70,000,000 siele. Die res van Indië is 320,000,000 sterk.

Die feestelike oorhandiging van die gesag het gepaard gegaan met geweldpleging en groeptwiste tussen die Indiërs.

Mediese Skool Net Vir Nie-Blankes

Die Nasionale Gesondheidsraad het besluit om aan te dring op die stigting van 'n vierde mediese skool in Suid-Afrika wat uitsluitlik vir die opleiding van nie-blanke dokters gebruik moet word.

Dit is 'n stap in die regte rigting wat allerweë verwelkom sal word.



Die Geallieerdes wend alle pogings aan om die Duitsers tot hul opvatting van die demokrasie te bekeer. In Engeland word daar gereeld lesings vir die Duitse krygsgevangenes gehou oor hoe die Britse parlementêre stelsel werk. Bostaande is leiers van die politieke partye in Duitsland wat op besoek in Londen is waarheen hulle uitgenooi is om die Britse heerlikhede te besigtig.

DIE SKINKER SPRING VRY?

'n Verhaal Uit Die Stryd Van die Ondergrond

HOOFSTUK I.

„As ek vir Piet nie so goed geken het nie, en as dit nie bowendien so vroeg in die oggend was nie dan sou ek swaar dat hy onder die invloed van sterk drank verkeer,” het die boer aan sy seun Theuns gesê.

„Onder die invloed! Pa, Piet is nie net onder die invloed nie... hy's skoon disnis. So geswawel soos hy nog nooit in die dag syne lewens was nie. Voor brekvis of te nie... Piet is skoon deur die wind... en hy nogal 'n ontsnapte vlugteling uit die konsentrasiekamp! Maar Pa moet darem eers hoor hoe dit gekom het...” en Teuns begin lag by die herinnering aan iets wat Piet hom vertel het.

„Genugtig! Dis niks om oor te lag nie! Dit is iets om oor skaam te voel,” was sy vader se strenge antwoord.

„Wag, Pa. Luister eers, dit was nie 'n gewone drinkery nie. Van die paar onsamehangende woorde wat Piet my gesê het, lei ek af dat daar net twee bottels mampoer tussen hom en die polisie was. Die twee bottels het hy toe maar in die stryd gewerp, dop vir dop, totdat die poliesman onskadelik geword het.”

„Poliesman! Bedoel jy dat die polisie saamgedrink het?” vra die boer, wat begin vermoed dat daar meer agter Piet se toestand skuil as wat hy geraai het.

„Ja, Pa, ek dink soiets het gebeur. Dis omtrent al wat ek uit Piet kon kry toe hy met sonop hier aangery kom. Hy het nie te fris gelyk nie en net 'n bed geva en gesê dat die mampoer hom gered het.

„Teuns, ou broer,” het hy gesê, „ek het my pad by die seldeur skoon verbygedrink,” en hy het bygevoeg dat hy die twee bottels en die konstabel goed onthou, maar dat hy onseker was wat van sy maat geword het. Kon nie onthou of hy hom ook gered het uit die kloue van die gereg nie. Toe het hy gaan lê en dadelik aan die slaap geval, behalwe dat hy eenmaal gekla het omdat die bed woerwoer met hom wil speel.”

Teuns lag weer, maar sy vader het g'n blyke van vermaak getoon nie. Nie net was hy 'n ernstig-geaarde man nie maar hy het ook 'n hoë dunk van Piet gehad en dit was vir hom 'n pynlike skok om die jong man in 'n beskonke slaap op die vrykamerbed te sien lê. Hy het Piet vanaf dié se seunsdae geken en toe hy voorverlede week gehoor het hoe dat Piet saam met tien kamerade uit die konsentrasiekamp uitgetoon het, het hy aangeneem dat die jong man vroeër of later op hierdie Bosveldplaas sou uitslaan. „As hy net vryheid, veral bewegingsvryheid, het, dan sal hy wel hier aankom,” was sy gedagte. Maar nooit het hy gedink dat die aankoms van so 'n gehalte sou wees nie.

Die boer het gevoel dat dit ook maar gelukkig was dat Bettie, sy dogter, juis op besoek by haar ouma was, want hy het vermoed dat die toegeneetheid tussen Piet en Bettie meer as bloot vriendskaplik was. Hy het gevoel dat dit Bettie sou seergemaak het om haar vriend in hierdie toestand te sien. Ja, het hy gemeen, die hele affêre is bitterjammer. Nietemin het hy

genoeg van Piet gehou om sy oordeel uit te stel tot dat hy 'n regstreekse verklaring kon kry.

„Jy het van 'n maat van Piet gepraat, wat hy in sy... nou ja, in sy roes genoem het.”

„Ja, Pa, ek wou juis nou in die kar gaan kyk het want ou Piet was onseker of hy die kèrel saamgebring het. Kom Pa saam?”

Hulle stap na waar die motor op die werf staan en toe hulle naby kom hoor Teuns die enjin nog loop.

Deur
S. J. de Jongh

„Genugtig, die ou het vergeet om die enjin af te skakel,” sê hy, en sit sy hand deur die oop venster om die masjien tot stilte te bring.

Intussen kyk die boer agter in die motor.

Op die agterbank lê 'n jong man vas aan die slaap. In sy linkerhand het hy 'n polisiehelm aan die kenriem vasgehou en in sy gesig, wat ietwat valer as sy ligte hare was, was g'n lewensteken te bespeur nie. So stil het hy gelê dat die vlugtige beskouer vir die oomblik kon getwyfel het of hy nog aan lewe was. Af en toe, egter, het hy blyke van lewe gegee. Hy het naamlik, soos klokslag, elke twintig-dertig sekondes gehik!

Want die seun was klaarblyklik en onteenseglik in 'n alkoholiese bedwelming!

„Nou verbrands!” was al wat Teuns se vader gesê het, en toe draai hy om 'n stap weg. Want van sulke dinge het hy min gehou.

Teuns het die jong kèrel uit die motor gehaal en hom halfdra, halfsleep na 'n rondawel wat as spaarkamer gedien het, geneem.

Dit was duidelik dat dit 'n woeste affêre gisternag moes gewees het, want soos hy vir Piet geken het was dié nie maklik deur sterk drank aangetas nie. Piet het sy maat geken en het bowendien 'n sterk kop sowel as 'n sterk wil gehad. Hy sou wel 'n rede kan gee, het Teuns gevoel. „Net, dit moet tog 'n goeie rede wees, anders...! Die oubaas was die jisie in,” het Teuns gevoel, „en net 'n goeie verklaring sou die onweer weghou. En as Bettie hiervan te hore sou kom...!” So ongeveer het Teuns se gedagtes gegaan terwyl hy toesis oor die melkery hou.

Omtrent elfuur het hy vir die twee mampoer-slagoffers gaan opsoek met 'n bietjie swart koffie en 'n paar snye brood en botter. Eers het hy na die rondawel gegaan. Die vreemde deling op die bed het net eenmaal die oë oopgemaak en iets binnesmonds gemompel van „sing dit nog 'n keer...” maar die tong was swaar en die woorde onduidelik. Toe draai die kèrel om en was onmiddellik weer vas aan die slaap. Van koffie wou of kon hy niks verstaan nie.

Piet was 'n bietjie beter daaraan toe as sy maat, maar ook hy het gelyk asof hy na geselskap g'n hunkering gevoel het nie.

„Koffie, ou maat?” was Teuns se vriendelike en byna tergende vraag.

„Man, ja. Koffie, as dit dan moet. Maar wolwegif sou vanmôre ook nie onvanpas wees

nie,” brom Piet, en kyk Teuns aan met 'n uitdrukking wat verrai dat die lewe op die oomblik vir hom min aantreklikheid ingehou het.

„Ou broer, hoe lyk dit vir my julle het 'n rowwe tyd deurge-maak in die afgelope nag?” sê Teuns, nuuskierig om te hoor wat die feite is voordat Piet met sy vader te doen het. „Jy lyk nog maar stukkend, en daardie witkop is glad nie wakker te kry nie,” voeg hy by.

„Die witkop? O, jy bedoel Koenie! Dan het ek hom darem meegebring! Ek het al begin sleg voel oor hom.”

„Nie naby so sleg as wat hy oor homself voel nie,” lag Teuns. „Hy weier om wakker te word en wil net hê iemand moet nog 'n keer sing.”

„Sing? Ag ja, nou begin ek koers kry. Sing! Praat van sing! Daardie poliesman het sy roeping gemis.” En die glimlag wat oor Piet se gesig begin gly het gewys dat hy weer so langamerhand tot verhaal kom. Maar die glimlag het verdwyn toe Teuns hom sê om sy storie agtermekaar te sit vir sy vader wie hom ook op die bed sien lê het.

„Kragtie! Het hy my ook gesien? Man, die storie agtermekaar kry is niks. Ons moes eenvoudig drink om los te kom. En somaar baie drink, want die konstabel het wel 'n lekker hart maar teweens 'n sterk kop gehad. Dis 'n wonder dat ons nie aan alkoholvergiftiging beswyk het nie. Maar, ai! Dis jammer dat die oubaas my gesien het. En...?”

„Nee, Bettie kuier op die oomblik by ouma. Ma ook. In daardie geweste is jy veilig... voorlopig,” het Teuns hom getroos.

Piet sou nooit tevore kon geglo het nie dat dit goeie nuus sou wees om op Waaihoek te kom en te hoor dat Bettie nie tuis is nie. Maar hierdie keer was haar afwesigheid ongetwyfeld 'n verligting. Hy het moed geskep en gesê: „Man, voor ek jou pa moet sien, kom ons gaan swem in die rivier.”

„Ons sal 'n plek moet soek waar die krokodille ons nie kan bykom nie,” het Teuns gesê.

„Ag wat, krokodille! Die een wat my hap sal genoeg mampoer inkry om somaar bome te klim,” sug Piet, met die gedagte aan die ure wat verby is met die mampoer, en die uur wat voorlê... met Bettie se vader.

Na die swem het die twee onder 'n groot maroeloeboom gaan sit en dinge eers bespreek.

Piet het Teuns vertel hoedat hulle na die ontsnapping uit die kamp uiteindelik hier in die Oos-Transvaal in 'n berggrot te lande gekom het—hy en drie maters. Toe is—twee dae gelede—gereël om die groepie 'n bietjie op te splitsen en om hom hier na Waaihoek te bring. Koenie, die witkop in die rondawel, was juis die man wat met hom op pad was hierheen.

„Ons is gisteroggend al weg van die grot naby Sabie, maar ons het motormoelikhed gehad en op die ou end het ons petrol begin ingee, en toe het Koenie gesê dat al redding by daardie koelwinkler op Hermanspoort sou wees.”

„Maar dis mos by die polisiepos!” val Teuns hom in die rede.

„Juis... dis daarom wat ons in die penarie beland het. Ons het die petrol net ingegooi gehad toe die konstabel—so 'n

(Vervolg in volgende kolom)

„O.B. Het Volk Se Naam Gered'

SENTRALE FUNKSIE OP HOOPSTAD

Die hoof funksie van gebied C is vanjaar te Hoopstad gehou, en die Hoopstadse kommando voel baie dankbaar dat ons nou, vir die eerste keer, die geleentheid gehad het om die K.G. en mev. Van Rensburg in ons midde te hê.

Die funksie is gehou in die Landbousaal en ons wil ook ons dank uitspreek aan die omliggende Kommando's vir hulle hulp. Ook ons dank en waardering aan oom Hennie Ras wat ons 'n bees present gegee het. Die funksie het die mooi bedrag van £56 8s. opgebring.

Ons het ook in ons midde gehad verteenwoordigende offisiere van omliggende kommando's. Genl. J. F. van der Merwe het die funksie geopen en genl. C. Meyer het die vrouens aangespoor om kniewerk te doen in hierdie tyd en brandwag te staan vir volk en vaderland.

A.G.

Die namiddag het die K.G. ons toegesprek, en ons was bly om te sien dat daar verteenwoordigers van alle partye was.

Die K.G. het gesê dat die O.B. al vyf sterftes gehad het, maar hy het nie die minste bedoeling om dood te gaan nie, want ons het 'n taak om te verrig. In die 10 jaar van die O.B. se bestaan het hy vuur op hom getrek, maar ook wortel geskiet. Jong mense van vandag se karakter was gevorm binne die O.B., en ons gaan nog baie van die O.B. hoor.

Daar word nou met die verkiesing, wat op hande is,

(Vervolg van kolom 3)

kort gesette kèrel met 'n goeie gesig—by ons aankom en nadat hy die kat so 'n bietjie uit die boom gekyk het... ons name gevra.”

„Hoekom wil jy ons name weet?” vra Koenie, maar die konstabel was nie op sy mond geval nie. Hy het bly staan daarop dat hy ons name wou weet en hy het bygevoeg dat instruksies deurgekom het om op die uitkyk te wees vir vier vlugteling wat verlede week uit die kamp ontsnap het en wat vermoedelik in hierdie geweste beweeg. Hy wou ons derhalwe ondervraag en, tensy oortuig van ons onskuld, sou hy verplig wees om ons aan te hou totdat die posbevelhebber—sy sersant—moremiddag terugkom.

„Vier vlugteling!” roep Koenie uit, „lyk ons twee vir jou na vier vlugteling?”

„Kom saam na die stasie toe,” sê die konstabel, en hy maak 'n gespele van die holster waarin sy rewolwer lê.

„Dit was duidelik dat teenstribbelling hier nie aan die orde van die dag was nie, en ek het maar vir Koenie geknik om sy mond te hou. Ek was op die oomblik nie iemand wat kon bekostig om argumente met konstabels aan te knoop nie, en my enigste hoop was om dinge in der mate te skik. Ons stap toe effens bedeesd die kantoor in.

„Die konstabel het ons verder uitgevra en ook 'n lêer uitgehaal en sekere portrette daarin nageslaan.

„Dit was voldoende!”

(Word vervolg.)

gepraat van 'n soort Neurenburg, die Regering wil 'n bom los, maar die bom kan terug-skop. As soiets moet kom en as dit verby is mag dit wees hoogverraad en nie laagverraad nie. Die O.B. gaan nie weghardloop van die geskiedenis nie. Laat ons dit so beskou—ander het hul nie skuldig gemaak aan buite-wetlike optrede nie, buite-wetlik sover dit die Empire-wette betref. As 'n mens vry wil wees van bestaande Empire-wette sal jy altyd buite-wetlik moet optree.

HISTORIESE REG

Die O.B. is byna uitsluitlik die draer van die republikeinse gedagte en op die oomblik die enigste georganiseerde element wat hierdie gedagte dra, en daarom het ons 'n historiese rol. Daar is partye ook met 'n sterk republikeinse strekking waarvoor ons dankbaar is, maar hulle praat nou min daaroor omdat hulle nie-republikeinse stemme nodig het.

Die republikeinse stroom het 'n historiese reg, en as u glo dat dit 'n bestaansreg het moet u ook glo dat die O.B. nie sal sterf nie.

NAAM GOED

Die O.B. kan alleen aanspraak daarop maak dat hy die goeie naam van die Afrikaner gered het gedurende die oorlogsjare, toe daar duisende broodwinners in tronke en kampe gesit het, terwyl onskuldige vrouens en kinders onversorg agtergelaat was. Die O.B. het die gesinne versorg en aan duisende geleer om nie jou mede-Afrikaner in die stryd te verlaat en aan die vyand uit te lewer nie.

Daar is 'n verkiesing op hande wat belangrik is omdat daar groot gevare is, en baie verlange om van die regering ontslae te raak en in sy plek 'n regering te kry met 'n beter sin van verantwoordelikheid teenoor Suid-Afrika.

Die H.N.P. werk saam met die Afrikanerparty, en by een flank, nl. die Afrikanerparty, is die hek oop en ons hoop dat die O.B. sal help.—(Korr.)

OSSEWABRANDWAG

CERES

VIER

FONDSDAG

Saterdag, 30 Aug. 1947

STADSAAI

Kafee — Middagete — Basaar

Opening van Basaar: 2.30 n.m.

Openbare Vergadering: 8 n.m.

Brandwagte en Vriende,

Kom seker!

Verdere Insamelings Stellenbosch

Met nog 'n aansienlike bedrag uitstaande het Stellenbosch reeds meer as £370 vir O.B.-dag ingesamel. Die funksie is op Saterdag, 9 Augustus, gehou en soos in die verlede was die basaar besonder geslaagd en het daar 'n gees van hartlike samewerking geheers.

Die basaar is deur genle. dr. Erika Theron, hoofvrou van Wes-Kaapland, geopen en het uitsluitlik die steun van lede van die Ossewabrandwag geniet. Die handwerktafel het meer as £50 opgelewer terwyl die vleis en gebak byna £80 byeengebring het.

VIERING VAN O.B.-DAG

BLIKFONTEIN: Die kommando's van C9c8 en C9c3 het 'n geslaagde funksie vir O.B.-dag op 8 Augustus gehou. Die funksie is deur komdt. G. H. Swanepoel geopen.

Oom Naas Raubenheimer het die aanwesiges oor die aanstaande verkiesing toegesprek. „Genl. Smuts dink dat die Witperd weer sal wen, maar dit is ons plig om te sien dat die witperd nie weer eerste uitkom nie”, het oom Naas verklaar.

Gedurende die dag is daar o.m. 'n tak van die Afrikanerparty gestig. Heelwat persone het aangesluit.

Die aand is 'n verrassingsfunksie in die saal van Vloofontein gehou. Almal het dit baie geniet.

Daar was pragtige samewerking en 'n goeie gees het geheers.—(Korr.)

Belasting Vir Gesondheid Aanbeveel

'n Voorstel dat 'n gesondheidsbelasting gehef moet word om 'n algemene gesondheidsdiens in die lewe te roep, is deur die Nasionale Gesondheidsraad verlede week in Bloemfontein aangeleen. Die staat behoort vir alle mediese dienste voorsiening te maak, is verklaar.

Dr. G. Gale, die Unie se Hoofgesondheidsbeampte, het voorgestel dat die raad oorweeg hoe om te voorsien in die behoeftes van mense wat val in die groep tussen die nooddruftriges en die wat in staat is om vir hul dienste te betaal.

Daar is ook 'n mosie aangeleen wat aanbeveel dat landswye kraamgeriewe opgerig word sodat elke moeder voor en na die geboorte behoorlike versorging kan geniet. Alle moeders moet die dienste van vroedvroue en geneesherre in kraamhospitale kan ontvang.

SOOS ONS LESERS DIT SIEN

Aan Ander Voet

„O.B.”, Robertson, skryf:

Die Kruithoring sê van die O.B.-lede, „as hulle manne en vroue van eer is”. Die O.B. vra egter is hulle manne en vroue van eer wat die vraag aan die O.B. stel? Kan dié man of vrou wat sy heiligste eed teenoor sy volk minag of verloën, 'n man

Die lysie van die manne-kommando het £90 bedrae en die bussiegeld van die vroue meer as £60. Vermelding verdien die spaartrippense van een gesin wat meer as £6 was.

Geesdrif en Nuwe Lede op Bloemhof

Die O.B.-Kommando van Bloemhof, Wes-Transvaal, het sy jaarlikse funksie gehou op Saterdag, 9 Aug., op Bloemhof in die marksaal. Die verversings en ander artikels wat daar te koop aangebied is, is in 'n betreklike kort tydjie van die hand gesit, en die bedrag van £48 is geïn.

Dit bring 'n mens onder die indruk dat daar 'n byna onverwagte goeie gees heers en dat hulle hartlik saamwerk. Die kommandant, mnr. C. A. v. d. Westhuizen, het almal wat teenwoordig was, brandwagte sowel as besoekers, bedank en ook melding gemaak van nuwe lede wat aangesluit het by die kommando.

Die volharding en sukses van die kommando laat hom altyd dink aan goeie buigbare metaal en onbreekbare staal.

Genl. J. J. Wentzel het in 'n pittige toespraak veral aan die vroue lof toegeswaai vir hul offerende werk. Die brandwagte staan altyd gereed vir volksdiens, sonder om in ag te neem of die O.B. modieus is of nie.

Getalle in ag geneem is die O.B. gereed om met enige organisasie te kompteer. Die O.B. is saamgesnoer en staan rotsvas vir die redding van die volk en 'n veiliger toekoms.

Genle. Mv. A. Wentzel het veral beklemtoon dat die organisasie dissipline en volharding eis. Dit is die enigste manier om die volk te bou.—(Korr.)

Pearston-Kommando Verloor Veldkornette

Op die middag van 3 Aug. is van ons weggegaan Veldkornette Hannie Nel (Tant Hannie) na 'n lang siekbed van 19 maande. Gedurende daardie tyd was sy liefdevol versorg deur haar eggenoot en kinders.

Sy was seker een van die eerste lede wat by die Beweging aangesluit het na die stigting hier en het somer uit die staanspoor gedien as offisier.

Haar ywer, getrouheid en vriendelikheid was die lewe van ons kommando op die dorp. By funksies was veldkornette Nel een van die steunpilare op wie gereken kon word; haar optimisme en hulpvaardigheid was 'n inspirasie vir ons almal.

Ons sal haar mis. Ons sal die vriendelike gesig mis by ons byeenkomste, maar ons gun haar ook die rus.

Langs hierdie weg wil ons ons innige meegevoel oordra aan haar eggenoot en kinders en hulle verseker dat hulle verlies is ook ons verlies. (Ingestuut).

Geboortes Van Blankes Vermeerder

Daar is verlede jaar meer blanke kinders in die Unie gebore as gedurende enige ander vorige jaar. Seuns staan bo aan die lys.

Die blanke geboortesifer was verlede jaar 65,415; dit is 5,926 meer kinders as tydens 1945.

Gedurende die eerste drie maande van 1947 is meer as 16,000 blanke kinders gebore teenoor 14,300 tydens dieselfde periode verlede jaar.

Kruithoring oor K.G.: „Aan Smuts se Kant”

Die Kruithoring van 13 Augustus 1947—ons herhaal: 1947, d.w.s. ná die koningsbesoek—bied die volgende „nuusbrokkie” met kommentaar aan sy lesers:

„'n Vooraanstaande persoon (nie 'n L.V. nie) het onlangs 'n interessante gesprek met 'n majoor, wat nog in die leer is, gehad. Die gesprek is voor getuies gehou, en ons kan die betroubaarheid van die persoon waarborg. Die volgende is gesê:

„Die majoor: Dr. van Rensburg is darem 'n man met 'n groot brein.

„Vooraanstaande persoon: So? Verklaar dit dan hoekom hy so baie nagtelike onderhoude met Smuts gehad het?

„Majoor: Maar hoekom nie? Kyk, hy is mos deur Smuts daargestel om 'n rebellie te ver-

hoed en julle te verdeel!

„Ons vriend: Hoe lyk dit, het hy sy werk goed gedoen?

„Majoor: Onbegryplik goed.

„Hier is 'n notatjie: Met die oog op die „verkiezingsbom” het dr. Van Rensburg in die O.B.-blad verklaar dat hy met dr. Malan saamstem dat die O.B. niks met die Nasionale Party te doen het nie. Dit is of 'n poging om aan Smuts se kant te probeer bly of 'n voorbereiding vir 'n skertsverhoor waarin sekere beskuldigdes grootliks vrygespreek sal word, terwyl ander volgelingen skuldig bevind word van optrede teen die landsbelange tydens die oorlog.”

(Die interessantste van die berig is dat Die Kruithoring die waarheid van die nuusbrokkie wil beklemtoon deur te verklaar dat die naamlose „vooraanstaande” nie 'n L.V. is nie.—Red.)

'n Verdere belangrike puntjie is dat indien die „vooraanstaande vriend” die waarheid praat en die majoor praat die waarheid, dit vir dr. Malan voortaan meer betalend sal wees met die oog op anti-republikeinse stemme om hom met dr. Van Rensburg te ASSosieer as te disassosieer!—Red.)

Noodhulp vir Duitsland

DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)

Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood in Duitsland te verlig!

ONS BENODIG DRINGEND:—

- Fondse vir die aankoop van Voedsel, Klerasie en Medisyne.
- Klerasie en Skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.
- Biltong, Vet, of ander Onbederfbare Eetware.

Stuur u Bydrae of Besendings aan u Plaaslike Noodlenigingskomitee vir Duitsland of regstreeks aan die

DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.),
Bloedstraat 164, PRETORIA of Hoopstraat 105B, KAAPSTAD.

EXCELSIOR WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURE

Die alombekende drankies. Die skoonste van kleur, die fynste van geur wat u ooit geproe het. Drankies wat nie alleen pryse wen op tentoonstellings nie; maar wat deur alle fynproewers aangeprys word.

PRYS LYS	Per bottel in kassies van 12 bottels	Per selling in 5 selling-vaatjies	PRYS LYS	Per bottel in kassies van 12 bottels	Per selling in 5 selling-vaatjies
WYNE:			VONKELWYNE:		
Ou Port	2/9	—	Grand Spumante (Soeterig)	10/3	—
Inwalide Port	3/3	—	Grande Splendore (Droog) 7/9	—	—
Spesiaal Soet	2/9	12/6	Vonkel Boergonje	8/9	—
Wit en Rooi Jeripiko	2/-	10/-	BRANDEWYN:		
Wit en Rooi Malmsey	2/-	10/-	Aurora V.S.Q. (Die allerbeste)	10/-	—
Wit en Rooi Muskadel	1/11	9/6	Eureka	8/6	—
Soet Port	1/11	9/6	A.L.	8/-	—
Port, Pontak, Worcester Hoek	1/10	9/-	Royal	8/6	—
Spesiale Sjerrie (Soeterig) 1/10	9/-	—	Boegoe	7/6	—
Goudkleurige Sjerrie	1/9	8/6	LIKEUR:		
Ou Bruin Sjerrie	2/6	—	Peperment, Perske, Appelskoos, Piesang	7/-	—
„Cocktail”	4/3	—	Kersie, Anys, Gemmer, Naaltjie	6/6	—
Vermouth (Droog of Soet) 3/-	—	—	Van der Hum	6/6	—
Swartberg Sjerrie	2/9	—	JENEWER (GIN):		
DROE WYNE:			Droë, Lemoen, Suurlemoen	7/6	—
Boergonje (Rooi)	2/-	—			
Riesling (Droë Wit)	1/9	—			

VERKOOPVOORWAARDES: (1) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 selling vaatjie, of veelvoud daarvan. (2) Voeg by 20/- deposito per vaatjie of 5/- per kassie met bottels. Hierdie deposito's word dadelik aan u terugbetaal op ontvangs van die leë goed, vraggeld betaald na Vlakteplaats-stasie. (3) Stuur kontant plus deposito's met bestelling of ander lewer ons k.b.a. u naaste stasie.

EXCELSIOR WYNMAKERY (EDMS.) BPK.
POSBUS 1, VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIEMS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE

(Edms.) Bpk

MOREMARK (Posbus 7185) Newton

A.V.B.O.B.

Lykbeisgers, Grafsteenmakers, Begravnisverskerkers

Bloemfontein — Pretoria

130 Takke

EXCELSIOR MEUBELS BPK. AFRIKAANSE PIONIER

IN DIE

MEUBELBEDRYF

Waar Afrikaanse hout deur Afrikanerhande verwerk, en meubels voortgebring word, wat bestem is vir geslagtelange diens —

MEUBELS VAN NAAM!

Vra vandag om katalogus — gebruik die koepoon.

EXCELSIOR
Meubels BPK.

EXCELSIOR POSBESTELLINGSDIENS,

Posbus 6670, JOHANNESBURG.

Geliewe my u jongste katalogus en pryslys per kerende pos aan te stuur. Ek stel veral belang in.....

NAAM.....

ADRES.....

O.B., 20/8/47

„DIE O.B.” WOENSDAG, 20 AUGUSTUS 1947

Kraamverpleging En Partypolitiek

Onder voorsitterskap van dr. Henry Gluckman het die Gesondheidsraad verlede week in Bloemfontein aangedring op 'n landswye instelling van kraamgeriewe sodat elke moeder voor en na geboorte van 'n kind behoorlik versorg kan word deur opgeleide persone. Daar is deur die raad in verband met algemene gesondheidsdienste ook aangedring op tegemoetkoming aan veral die middelgroep wat die swaarste gebuk gaan onder die geldelike las wat mediese dienste onder die huidige stelsel meebring.

Volgens verslag in die pers het dr. Gluckman die lede van die raad aangemoedig om kritiek uit te oefen, aangesien die regering glo graag daarna sal wil luister. Dr. Gluckman is naamlik Minister van Gesondheid en as sodanig is hy tans in die posisie om na kritiek te „luister”. 'n Paar jaar gelede was hy egter voorsitter van 'n kommissie van ondersoek na die volk se gesondheidsdienste en toe het hy met iets meer as kritiek gekom. Sy kommissie het 'n doelbewuste gesondheidsplan aan die regering voorgelê wat beoog het om die geriewe waaroor die Gesondheidsraad dit nou het, binne bereik van elkeen te bring. Dr. Gluckman self was baie geesdriftig oor sy plan . . . totdat hy deel van die regering geword het. Toe het Gluckman die Minister aan Gluckman die kommissievoorsitter gesê dat hy 'n idealis is, en dat sy plannetjies wel mooi maar onuitvoerbaar is.

GESONDHEID EN JAKKALSE

Een van die groot struikelblokke op die weg van daardie plan is die versnipperde grondwet van die Unie, wat 'n landswye gesondheidsdiens onmoontlik maak omdat elke provinsie en plaaslike bestuur jaloers vaskleef aan sy hospitaaltjie of sy gesondheidsbeamptetjie, al moet die Kaaplandse Administrasie by voorbeeld met die hand in die hare die invoer van 'n weelde-belasting oorweeg om te betaal vir sy hospitaaltjies en gesondheidsbeamptetjies. Benewens die „gesondheidsbelasting” wat nou deur die raad voorgestel word, sal Kaapland—en moontlik die ander provinsies ook—nog 'n weelde-belasting betaal vir dieselfde ding net sodat die provinsies darem iets te doen kan hê, want aangesien daar buite sekere paaie en sekere onderwys nie veel anders as die doodmaak van jakkalse oorbly om hulle met waardigheid te beklee nie, moet dit gedoen word met 'n stuk van die volk se gesondheid.

Intussen is die regering gewillig om na kritiek te „luister”, en omdat die hopelose kraamdienste geen aanmoediging vir 'n hoër geboortesyfer vir die blanke gesinne bied nie, sal daar maar teen veel hoër koste immigrante ingevoer word om die plek te kom volstaan van die Afrikaanse wieg.

BETAALDE KRITIEK

Om na kritiek te „luister” is natuurlik 'n baie groot deel van die regeringstaak onder die huidige politieke stelsel. Daar is selfs voorsiening gemaak vir 'n amptelike en betaalde opposisie wat die kritiek moet lewer. Maar dit is maar glo net terwille van die demokrasie—want die eintlike demokratiese taak van die regering is toegespits op die „positiewe nederlaag van die opposisie”, soos min. J. W. Mushet dit verlede week op Dordrecht gestel het. Op die kritiek dat die regering niks opbouends doen nie, antwoord mnr. Mushet:

„Deur die nutteloosheid van die Opposisie te bewys, neem ons tog seker 'n baie positiewe houding in, en ons beleid van opbouing is gegrond op die positiewe nederlaag van die Opposisie.”

En aangesien minister Henry Gluckman se vernaamste taak vandag is om die opposisie 'n positiewe nederlaag toe te dien, sal hy ook nie veel meer tyd hê as om vir 'n kort rukkie in Bloemfontein te „luister” na die kritiek van dr. Gluckman en sy Gesondheidsraad nie, net soos hy ook nie meer tyd gehad het om die voorstelle van Gluckman se gesondheidskommissie te oorweeg nadat hy hoof van die Departement van Gesondheid geword het nie.

Want hoe sterker die amptelike opposisie se kritiek oor naturellesake word, hoe swaarder word die taak van die hoof van die Departement van Gesondheid om sy bydrae te lewer tot die „positiewe nederlaag” van die betaalde opposisie.

SYFERS WAT TOT NADENKE STEM

Die so pas vrygestelde sensussyfers soos gebaseer op die bevolking van die Unie op 7 Mei verlede jaar, openbaar interessante maar ook skrikwekkende feite.

In die 24 vernaamste stedelike gebiede en dorpe van die Unie is daar slegs twee waar die nie-blankes nie die blankes met getalle oortref nie. Dit is Pretoria en Oos-Londen. Die sensus bring ook aan die lig dat die Asiate die vinnigste in die Unie aangewas het in die afgelope tien jaar.

In die tien jaar sedert die vorige sensus het die totale bevolking van die Unie met 18.8 persent toegeneem. Die blankes het met 18.4 persent toegeneem, die naturelle met 18.3 persent,

die Asiate met 29.8 persent en ander nie-blankes met 120.6 persent.

In die verskeie provinsies was die blanke bevolking as volg: Kaapland 870,795, Transvaal 1,063,121, Vrystaat 202,077 en Natal 236,697. Vyf-en-veertig persent van die blankes woon dus in Transvaal . . . byna die helfte aan die Rand alleen.

Die totale blanke bevolking is dus 2,372,680 teenoor 7,805,515 naturelle, 928,484 kleurlinge en 258,260 Asiate. Die totale bevolking van die Unie is 11,291,949.

WANNEER SAL VOLGENDE OORLOG UITBREEK GROEIENDE RUSSIESE MAG

Baie waarnemers verwag dat die Balkan die kruitvat gaan wees van die volgende oorlog, en in die afgelope week is reeds sterk taal in diplomatieke kringe kwytgeraak oor Griekeland, en een beriggewer het dit so gestel dat daar nog net gewag word op 'n „insident” om die kruit aan die brand te laat slaan.

'n Verantwoordelike Amerikaanse militêre beampte het 'n paar weke gelede gesê dat geen besettingsmagte in staat is om te belet dat Rusland oor Europa stroom indien hy môre tot aggressie sou oorgaan nie. Die vraag is of die Amerikaanse militêre magte in die geheel in staat sal wees om Rusland weer uit te dryf. Volgens 'n insiggewende artikel in die tydskrif Time, sal 'n oorlog tussen Amerika en Rusland op 'n gelykop eindig as dit tans moet plaasvind.

Volgens die artikel beskik Amerika vandag nog net oor 12 divisies in vergelyking met 89 toe Duitsland geval het. Daarteenoor het Rusland 208 divisies op die oomblik onder wapen, waarvan 93 aan die wesfront gekonsentreer is. Binne dertig dae kan Rusland 10½ miljoen opgeleide soldate onder wapen hê, binne ses maande 12 miljoen, van wie almal egter nie volledig met wapens voorsien sal kan word nie. Behalwe die 4½ miljoen soldate op die oomblik onder wapen, het Rusland 15,500 oorlogsvliegtuie in diens, en is hy besig om 'n duikbootvloot op te bou.

Rusland beskik oor voldoende mag om in een beweging te stoot tot aan die Engelse Kanaal, die Persiese Golf en die oliestreke, en deur Sjina.

MELKBAARDLEER

Die Amerikaanse leër bestaan vandag uit 'n rapsie meer as 'n miljoen man, of liever seuns, want meer as die helfte hiervan word bestempel as „melkbaard-rekrute”. In Europa is net twee divisies, en in die Stille Oseaan sewe, hoofsaaklik belas met besettingswerk.

Wat lugkrag betref, beskik Amerika nog net oor 9,000 voorangse vliegtuie vergeleke met die 85,000 aan die einde van die oorlog. Intussen is die produksie van vliegtuie dermate agteruit dat van die 2,101,000 arbeiders in vliegtuigfabrieke tydens die oorlog nog net 160,000 in die werk is.

DRIE VOORDELE

Amerika beskik egter oor drie groot bates: die atoom-

bom, 'n nywerheidskrag wat vinniger oorgeskakel kan word as in enige ander land ter wêreld, en oppermag ter see. Verder het hy 14,000,000 oorlogsveterane, van wie die helfte egter binne vyf jaar hul vegbekwaamheid sal verloor.

Hoewel die Amerikaanse navorsing besig is met nuwe soorte lugwapens, word verwag dat Rusland so vinnig ontwikkel op hierdie gebied dat hy in 1957 sy maksimum-slaankrag sal hê. Teen 1948 sal Rusland in staat wees om enkelsendings van 1,000 vliegtuie teen Amerika in te werp. Teen 1949 sal hy selfgerigte projektiële hê wat met 'n eenton-bom 3,000 myl ver kan vlieg. Teen 1952 kan hy wapens hê wat met siektekieme besmet, oor lang afstande gevuur kan word, en enige tyd daarna behoort Rusland die atoombom te besit. Terwyl Rusland se mag oor hierdie tydperk styg, sal Amerika s'n afneem sodat 1957 die krisisjaar sal wees.

OORSAKE TOT OORLOG

Naas bostaande feite wat die Amerikaanse departement van oorlog rekening mee hou, is daar drie faktore wat 'n oorlog tussen Amerika en Rusland kan laat ontbrand. Die eerste is 'n groot depressie in Amerika wat laasgenoemde so sal verswak dat Rusland dit sal waag om toe te slaan; tweedens, as die kommuniste in Sjina of in Indië in beheer kom, waardeur die bolsjewistiese mag Amerika sal oortref; en derdens indien die kommuniste in beheer van Europa kom.

Aangesien Amerika beslis is dat geen enkel moonheid die wêreld durf oorheers nie, sal laasgenoemde twee faktore voldoende aanleiding tot militêre optrede vir hom wees.

DIE PRYS

Daar word op gewys dat Amerika nagenoeg 70 biljoen pond bestee het om te belet dat Duitsland wêreldheerskappy verkry, en na mate Rusland sterker word, sal hierdie prys styg. Daar is egter een oorgeweging teen oorlog wat aansienlik gewig dra, en dit is dat 'n oorlog in die huidige wêreldomstandighede die ekonomiese lewe so kan ontwrig dat die na-oorlogse ontwrigting meer kommuniste sal verwek as wat die atoombom sal doodmaak.

Daarom probeer Amerika voorlopig 'n oorlog voorkom deur middel van sy Marshall-plan waarmee Europa van die kommunisme gered moet word.

Maar waar Griekeland op die oomblik blootgestel is aan kommunistiese invalle, skyn dit of Amerika ewe beslis is om die hoër prys van oorlog te betaal, indien Rusland dit daar uitlok.

Wes-Duitsland en Siberië Maak Vir Rusland Wapens

Rusland is besig om sy fabrieke wat oorlogsmateriaal vervaardig na die onbekende Siberië te verskuif waar dit nie maklik bekombaar is vir die Amerikaanse bomwerpers nie. Daarbenewens word alle belangrike fabrieke in die Russies-besette deel van Duitsland afgebreek en die toerusting na hierdie gebied vervoer. Vir die buitewêreld en vir die gewone Rus is dit verbode terrein.

Onder die Duitse fabrieke wat verskuif word, is die bekende Bergman-kruitfabriek van Berlyn en die Heinkel-vliegtuigfabrieke. Verder word alle fabrieke in die Europese deel van Rusland waar dit tydens die oorlog deur die Duitsers bedreig of vernietig is, na agter die Uralgebergte verskuif waar dit haas onbekombaar is.

Ook Noord van Mantsjoerye, in die gebied van Khabarakovsk, word groot fabrieke opgerig waar die aantal werkers in die afgelope tyd van een en 'n kwart miljoen na twee miljoen vermeerder het.

ONDER V.S.A. SE NEUS

Inmiddels het dit ook bekend geword dat Duitse fabrieke in die Amerikaanse besettingsgebied besig is om oorlogsmateriaal vir die Russe te vervaardig. Die Amerikaanse magte het die fabrieke deurgesoek en beslag gelê op onderdele van wapens wat hulle daar gevind het. Die eiensars van die fabrieke is in hegtenis geneem. Daar is onder meer beslag gelê op motors wat bedoel is vir vliegtuie, tenks en duikbote.

Die Amerikaners het die snuif in neus gekry nadat 'n onbekende bron hulle die verhaal van die fabrieke in die oor geblaas het.

Russiese Fabrieke in Duitsland

Elf Russiese maatskappye met 'n totale kapitaal van £84 miljoen het in die Russies-beheerde gebied van Duitsland tot stand gekom. Op hierdie manier wil Rusland sy ekonomiese en handelsgreep op Duitsland vir goed vestig.

Die kapitaal is afkomstig uit die bates van Duitse fabrieke wat die Russe oorgeneem het. Dit is hoofsaaklik fabrieke wat skeikundige stowwe en metaal verwerk.

Al die firmas het Russiese direkteure en staan onder beheer van die Russiese ministerie van buitelandse handel.

UNIE UIT LONDEN AANGESÊ OM OP TE SKUD MET HULP

Hoewel die Unie-regering nog geen amptelike aanduiding gegee het nie van watter offers hy van die Suid-Afrikaanse publiek gaan vra vir hulpverlening aan Brittanje, wie se mense maksimale hulp van die buiteland verwag onderwyl hulle self die minimum arbeid wil lewer, is genl. Smuts met 'n kabinetskomitee glo besig om planne uit te werk, volgens berig in die plaaslike Engelse pers.

Volgens die berig is die regering uit Engeland aangesê om verslag te doen oor wat sy bydrae gaan wees tot Brittanje se instandhouding. Attlee het glo die syfers nodig vir sy begroting, word verklaar.

Te oordeel na die gegewens in die berig sal Suid-Afrika se bydrae in die ringting van goud, steenkool, voedsel en „Buy British” wees. Die berig meld naamlik dat die komitee, behalwe genl. Smuts, bestaan uit min. Strauss, „aan die hoof van die voedselproduksie”, min. Waterson, „onder wie die goud- en steenkoolproduksie staan, sowel as die departement van handel en nywerheid”, en min. Hofmeyr „wat as Minister van Finansies belang het by enige ekonomiese reëling met Brittanje”.

Die berig voeg daaraan toe

Dominiale Hulp Aan Brittanje

Australië loop oor van 'n loja-le begeerte om ekonomiese hulp aan Brittanje te verleen. Die Australiese regering oorweeg dit tans om 'n verbod te plaas op die invoer van motors, petrol en films uit dollarlande. Die maat-reëls om botter, klere en vleis te rantsoeneer, sal ook van krag bly.

Menzies, die Australiese eerste minister, het voorgestel dat 'n georganiseerde dominiale poging aangewend word om Brittanje van ondergang te red.

In Pretoria het veldm. J. C. Smuts verlede week verklaar dat Suid-Afrika sy deel sal bydra tot die herstel van Brittanje!

dat die regering moontlik die loodsing van 'n „Buy British”-veldtog oorweeg as deel van sy hulpverlening.

Op die oomblik is die Gefedereerde Kamer van Nywerheid in die Unie besig met 'n groot veldtog vir die verkoop van Suid-Afrikaanse produkte. Onderwyl die nywerhede dus 'n veldtog van „Koop Suid-Afrikaans” sal loods, sal die regering van die Unie met 'n „Buy British”-veldtog teenoor hulle stelling inneem!

Die berig verklaar dat weens die teenstand van die Nasionale element in die Unie die regering nie by magte sal wees om met dubbele hande uit te deel soos in ander dominiums nie, maar aan die ander kant word daarop gewys dat die huidige ekonomiese krisis 'n essensiële deel van Brittanje se oorlogspoging is en dat op die Unie-regering staat gemaak kan word om Brittanje net so deeglik te ondersteun as tydens die oorlog.”

Versterking van Britse Element Belangriker As Eie Redding

Die Britse regering beskou dit belangriker om die Engelse element in die dominiums deur emigrasie aan te vul as om sy eie werkkragte te behou wat moet help om sy nywerheids- en ekonomiese moeilikhede te bowe te kom.

Die Britse regering het nl. 'n verordening uitgevaardig waarin dit verbied word dat nuttige arbeiders van een werk na die ander oorloop. Elke man moet bly waar hy is. Die bevel het egter geen betrekking op die emigrasie van Britse vaklui en arbeiders na die dominiums nie.

Vir die Britse regering word dit duidelik dat hy homself nie meer uit eie krag kan red nie en daarom maak hy op die dominiums staat. Om te verseker dat hulle hul deel sal doen, moet die Britse element wat as 'n spoorslag sal dien, versterk word.

Kom Goed Te Pas Na Al Kante

Verlede week is aangekondig dat genl. Smuts nie die sitting van die V.V.O. volgende maand in Lake Success gaan bywoon nie, maar dat hy mnr. H. G. Lawrence in sy plek as hoof van die Unie-afvaardiging stuur.

Moet die stuur van mnr. Lawrence beskou word as 'n bewys dat genl. Smuts die V.V.O. reeds as 'n mislukking afgeskryf het, en nou net die stempel daarop gaan plaas?

Sommige meen weer dat die verkiesing te swaar weeg en dat genl. Smuts se teenwoordigheid as oorlogsheld hier onontbeerlik is. Dit mag ook 'n rede wees vir die afwesigheid van mnr. Lawrence wat as behuissingsheld liever nie naby 'n verkiesing gesien moet word nie.

Rusland se Skuld Aan Engeland

Hoewel Rusland nog 'n groot bedrag aan Engeland skuld ingevolge die handelsooreenkoms van 1941, lyk dit glad nie of hy lus het om sy verpligtings na te kom nie. Hy moes die bedrag al teen 1 Augustus vereffen het, maar het nog net die helfte betaal. Die Russiese regering het ook geen aanduiding gegee wanneer of hoe hulle van plan is om die res te betaal nie.

Brittanje het die Russiese aanbod op hierdie feit gevestig omdat hy bang is dat hy dit dalk sal kan verloor. Volgens berigte het Rusland op 1 Augustus £2,400,000 geskuld.

Te Werk Of Nie Te Werk Hul Groot Probleem

Britte Wag op Aanmoediging — Kabinet op Doodberig

Onderwyl die Britse eerste minister sy kabinetslede gelas het om nie buite bereik van Londen te reis nie met die oog op 'n moontlike instorting van die Britse geldelike posisie, is die Britse steenkoolwerkers, van wie se inspanning Brittanje afhanklik is as hy homself wil help, nog besig om te redekawel oor die vraag of hulle 'n halfuur per dag op die eerste vyf dae van die week meer sal werk dan of hulle Saterdagoggende vir twee-en-'n-half uur sal gaan werk.

Volgens die Cape Times se korrespondent kyk die Britse volk na die buiteland om hulp en weier hulle om hul gewig in te werp vir die redding van hul land: „Praktiese aanmoedigings om harder te werk is nog net so jammerlik afwesig as twaalf

maande gelede. Die aanduidings is dat 'n vermeerdering in die Britse produksie 'n lang tyd sal neem om te bereik, en meer en meer mense kyk uit na hulp van buite, en ten spyte van die regering se aankondigings, is dit duidelik dat ook sommige

ministers van so 'n gedagte is.” Die buitelandse hulp waarna die Britte wat openlik te lui is om hul hande uit die mou te steek, uitsien, sluit natuurlik ook die bydraes van die Suid-Afrikaanse belastingbetaler in.

Hulle is hier—
Hulle is daar
Hulle is ORAL!

20 vir 11d.
ook te koop
teen
50 vir 2/2d.
10 vir 5½d.



Daar is 'n groot vraag na Ronde Kommando in die stad rond


Hulle is koel, rook lekker met 'n eie geur wat hulle elke dag meer vriende besorg.

Kommando
RONDE - SIGARETTE

BH 2885

Vir Baie Plaasdoeleindes—

Maar van Uitstaande
Doeltreffendheid



COBORN

PETROL/PARAFFIEN

ENJINS

	MODEL C.3	MODEL C.6
SILINDER DEURSNY	3 dm.	3½ dm.
ONTSTEEKINGSKRAG	3½ dm.	4 dm.
MAKSIMUM P.K. TEEN 2.000 R.P.M.	3.8	6.1
PETROLTENK KAPASITEIT	1½ gel.	2½ gel.
OLIEBAK	2 pinte	4½ pinte
GEWIG (sonder verpakking)	148 pd.	207 pd.
PRYS V.O.S. JOHANNESBURG	£57	£65

HIERDIE enjins voldoen aan die toenemende aanvraag vir 'n vertroubare masjien van 'n eenvoudige dog sterk ontwerp. Hulle werk vir 'n lang tydperk onder enige weerstoestand, veral buite, met die minste geskoolde aandag.

Enige van die unieke eienskappe van die Coborn Enjin . . . SOLEX VERGASSER — vergemaklik yinnige vat . . . MAGNEET — gewaarborg teen weerstoestande . . . AFNEEMBARE SILINDERKOP — om koolstof spoedig te verwyder . . . KRUKAS — gevorm op groot spitsvormige koeëlrollaers wat afsonderlik gehuisves is . . . DOELTREFFENDE VERKOELING onder alle toestande — sentrifugaal waaier in vliegwiël gegiet — geen oorverhitting nie — geen risiko van gekraakte silinders nie . . . SPAARSAAM op brandstof teen maksimum dryfkrag . . . SMERING deur pomp en spat stelsel.

COBORN ENJINS is ideaal vir die AANDRYWING VAN POMPE, VERLICHTINGSTOESTELLE, HOUTWERK- EN MAALMASJIENE, asook vir ander gebruike.

Vir Verdere Besonderhede skryf aan:

**CONTINENTAL & S.A.
TRADING CO. LTD.**

Van Riebeeck-gebou, De Villiersstraat 15
Posbus 8363 JOHANNESBURG Foon 33-8931

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1½d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Enkel plasinge (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasinge (vooruitbetaalbaar) 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasinge: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasinge tot kansellasië, 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing.

Intekengeld op „DIE O.B.” (vergyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na Posbus 1411, Kaapstad.

GEBOORTE

FINDLEY. — Aan mnr. en mev. F. A. Findley van Louwrensrivierweg 75, Strand, 'n flukse dogter op 11 deser. Naas die Heer, dank aan dokter en verpleegster. 20/8/1B

RUDATIS. — Aan mnr. en mev. Hans Rudatis 'n fris boere seun op 27 Julie in die Groblersdal Verpleeg-inrigting. Albei wel. Dank aan Suster. 20/8/1B

VERLOWING

MACKENZIE—VAN NIEKERK. — Die verlowing van Dalena, oudste dogter van mev. en wyle mnr. G. van Niekerk, Rondekraal, Rosendal, en Jimmy, enigste seun van wyle mnr. en mev. W. Mackenzie, van Johannesburg, word aan offisiere en brandwagte bekend gemaak. 20/8/1B

DOODBERIG

ESTERHUYSE. — Heengegaan op Dinsdag, 12 Augustus, aan sy woning te Patriotstraat 19, Paarl, my geliefde eggenoot en ons vader, Gert, in die ouderdom van 59 jaar. — Die bedroefde eggenote en kinders. 20/8/1

VRYSTAATSE GOUDVELD EIENDOMME

Vir Eiendomme Henneman, Odendaalsrust omgewing, raadpleeg **WELKOM EIENDOMS- EN TRUST AGENT-SKAP**, Henneman (Eenaars Alberts en Greeff), Poon 43, Telegramme „Weta.” 16/4/TK

BENODIG

BLANKE DAME vir hulp in huis en om twee seuntjies (3 en 5 jaar) op te pas. Meld salaris verlang en ouderdom. Skryf aan POSBUS 1411, KAAPSTAD.

Ko-Operatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Bepertk.
(Geregistreer kragtens die Wet op Ko-operatiewe Verenigings, 1939).

VAKATURE VIR ELEKTRISIËN

AANSOEKE gemerk „Elektrisiën,” word ingewag en sal ontvang word deur die ondergetekende tot en insluitende 26 Augustus 1947, om die betrekking van Elektrisiën in die Elektriese Afdeling van die K.W.V. te Worcester.

Kwalifikasies: Applikante moet gekwalifiseerde gelisensieerde vakmanne in die Elektriese Ingenieursbedryf wees met ondervinding van die onderhoud van elektriese toerusting in die stelsels Wisselstroom en Direkte Stroom.

Salaris: Salaris volgens kwalifikasies en ondervinding.

'n Gesondheidsertifikaat is 'n vereiste. Daar is 'n pensioenskema vir die personeel.

SEKRETARIS, K.W.V.,
Posbus 528, **ZUIDER PAARL.**

BOME, PLANTE EN SAAD

AMERIKAANSE BOOMANGELIER-PLANTE. — Sterk, goed gewortelde angeliërplante in 12 verskillende soorte teen 7/6 per dosyn, 17/6 vir 50, 30/- vir 100. K.M.B. Posvry in Unie. — S. C. STANDER, Bus 20, TZANEEN. 20/8/4B

AARTAPPELMOERE. — Arran Chief en King George, 32/6 per sak van 150 lb.; 22/6 per krat van 100 lb. V.O.S. George. K.M.B. — H. D. METELER-KAMP, Bus 47, GEORGE. 23/7/6B

AARTAPPELS. — 50 sak egte eerste na ingevoerde Irish Cobbler-aartappels. Eiergrootte en 'n ietse oor dit. Goeie kwaliteit, 30/- per 150 lb. P.M.D. Grootkop. — J. FERREIRA, Sina Gertruida, FICKSBURG, O.V.S. 6/8/6B

AARTAPPELMOERE. — Geskik vir planting, Arran Chief en Up-to-date. Gekweek van gesertifiseerde moere, tweede plant na ingevoerde. 1½ tot 5 onse, 25/-, ¾ tot 1½ onse, 17/6 per 153 lb. V.O.S. K.M.B. Sakke terug. — F. H. ROBERTSON, Kleinfontein, Pos Sinsabrug, GEORGE. 13/8/2B

BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigde K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK

GROENTESAAD. — Detroit en Egiptiese plat beet 7/6; Chanteney-wortels 10/-; Beauty- en Marglobe-tamaties 35/-; Tom Watson-waatemoen 10/-; Kroppalaal 17/6 per lb. Almal 6d. duurder per ½ lb. Handelsnavrae verwelkom. — KARROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN. 20/8/TK

HERHOLDT se Krisante, glorie van die Najaartuin. Kleurvolle sorteringe meesterlik saamgestel. Bestel nou vir Oktober-planttyd. Donou-Versameling: reuse pragsoorte, 25/- per dosyn, 15/- vir 6. Opera-Versameling: 21/- per dosyn, 12/6 vir 6. Luukse Sortering: 18/6 per dosyn. Tuinversameling: 15/6 per dosyn. Gepak en posvry. — HERHOLDT'S, Posbus 660, JOHANNESBURG. B/23/7/1X14

Wat Elke Dame Behoort Te Weet!

DESKUNDIGE RAAD vir diegene wat getroud is of op troustaan. Volledige kursus na ontvangs van Poswissel vir 10/6. Aan:

DIE BURO VIR GESINSIELKUNDE, Genevagebou 607, Parlementstraat 28, KAAPSTAD.

Meld of u dit in Afrikaans of Engels wil hê.

BOME, PLANTE EN SAAD

PRAGTIGE, gesonde en vars graad 1 teen 20/- per 150 lb. Eiergrootte Saadaartappels, tweede na ingevoerde. Skotse Up-to-date 25/- per 150 lb. Almal v.o.s. Bethlehem in nuwe sakke wat terug gestuur moet word. Ek waarborg tevredenheid. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, Bethlehem. 2/7/TK

PATATRANKE, reg vir plant. 6-maande, 6/- per 80 lb.; 3-maande wit, 5/6 per 40 lb. of 8/- per 60 lb.; steggies, 6-maande, 5/6 per 1.000; wit en borrie 6/- per 1.000. K.M.B. SERPENTINE, by P. J. GERBER, C. sn. 20/8/TK

PATATRANKE. — Sesmaande, 83 lb. vir 7/-; driemaande, 60 lb. vir 8/6; steggies, reg vir plant, 6/- per 1.000. Gelewer Serpentine. K.M.B. Teverdenheid gewaarborg. — B. H. GERBER, C. sn., P.K. Hoekwil, GEORGE. 23/7/TK

GEMENG

ELEKTRES (Edms.) Bpk. elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs. Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodigdhede; ankerwikkeling; elektriese herstelwerk aan motors, draal-, pas-, sweis- en herstelwerk aan alle plaas- en ander gereedskap. Telefoneer 9-7223. 27/11/TK

LOOIERY. — Velle word bewerk na keuse, d.w.s. in leer, goed vir tulle, sool, oorleer, ens. Om besonderhede skryf aan: L. B. SIEBRITS EN SEUN, FRANSCHHOEK, K.P. 19/3/TK

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by **VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL**, Langstraat 291, KAAPSTAD. Poon 30164. 4879/26

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terrazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteels, Voertroe. Enigste in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

HORLOSIEMAKER

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Poon 2-5454

H. J. STEYN, De Villierstraat 17, VASCO, KAAP, verkoop en herstel horlosies en radios. Enigste agent en invoerder van VELOX-skeermeslemmetjies (Switserse). Poon 98-9292.

KLEREMAKERS

Vir 'n goeie pak kiere of kostuum kom na 'n eerste klas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52

MEUBELS

BINNEVEERKUNDE van enige grootte beskikbaar. Airflex, Duros, Peerless, Lido en klapperhaar teen spesiale verlaagde pryse. Skryf om pryslys aan **ELEKTRON KONTRAKTEURS**, Keeromstraat 18, KAAPSTAD. Poon 25060. 23/7/TK

RADIO

LOUW EN LOUW, die beroemde radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-annemers. Poon 9-4435

PLUIMVEE

DAGOD-KUIKENS. — Gesonde en lewendige R.I.R.- en W.L.-dagod-kulke. Slegs September- en Oktober-aflewering. Prys f6 per 100. B.W.D.-siektevry. — Mev. E. R. ADCOCK, Heuningnestkranz, Posbus 1134, PRETORIA. 13/7/7B

HITLER SE KÊRELS LEER DIE BRITTE

Met die wete dat Rusland hom klaar maak vir 'n sprong na die Weste, en in die geheim vuurpyl- en ander moderne wapens vervaardig, het Engeland die hulp van Duitse wetenskaplikes en deskundiges wat voorheen op bevel van Hitler vuurpylnavorsing gedoen het, ingeroep om nie agter te raak in die voorbereiding vir die volgende oorlog nie.

Op 'n stuk grond van 450 morges by Westcott, in die hartjie van Buckinghamshire is twaalf Duitse wetenskaplikes wat met die vuurpylbedrywighede tydens die oorlog doenig was, met hierdie taak besig. Nog meer Duitsers word binnekort daar verwag.

Die Duitsers werk onder bevel van dr. J. Schmidt wat hoofsaaklik verantwoordelik was vir die eerste vuurpyl masjien wat in 'n Messerschmidt gebruik is. „Dit is goed dat die Britse volk nie geweet het watter ander wapens Hitler gereed gehou het nie”, het dr. S. Elstub, hoof van die afdeling verklaar.

Hy vertel dat die Duitsers planne beraam het om Londen dag en nag met bomme van 250 pond te teister, wat teen 'n tempo van 27 per minuut sou neer-reën.

Sapa berig dat niemand in Ascot probeer om die feit te

SOUT TE KOOP

BOERE-PAKKET. — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout f2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout f2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

SOUT. — Mevrouw, u sukkel met growwe tafelsout! Bestel 'n sak fynsout 8/6 per 200 lb.-sak. Meneer, vir u vee is No. 2 die beste teen 49/- per ton. — S. J. VENTER, Oranje-soutwerke, P.K. Florisbad, BLOEMFONTEIN. 14/5/TK

SOUT. — Mooi belofes help nie, dit troos net! Bestel waar u seker is van u geld vir A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/-, No. 3 44/- per ton. Bottersout 8/6 per 200 lb.-sak. — W. H. VENTER, Soutwerke, P.K. FLORISBAD. 14/5/TK

SOUT. — Vriende, ek lewer sout in sakke: A1 59/-; No. 1 54/-; No. 2 49/- per ton. Teverdenheid gewaarborg. Onmiddellike versending. — S. J. DE BEER, Soutwerke, FLORISBAD. 18/6/13B

TE KOOP AANGEBIED

MULE.—Veertien makgeleerde mule, 2½ — 5 jaar oud, 11 merries en 3 reuns. Prys f22/10/- stuk, gelewer in trok Paardebergstasie. — P. D. JACOBS, Wolwekraal, PAARDEBERG.

TREKKER. — Massey-Harris Junior 102 Trekker met 6 vt. Clipper Combine. In goeie werkende orde. Skryf aan: SCHONBORN, Blokzynkolk, Oor Brandvlei, K.P. 30/7/4B

WINSKOPIES VIR BOERE. — Sandskoene (nuwe en tweedehands) 10/- per streepsak; blikborde (nuwe) f2-10-0 per 100 of 9d. elk; kosbakke 1/6 elk; panne 1/6 elk; bandoliere 2/- elk. Skryf of kom na: T. J. MOSTERT, Tweedehandse Meubelhandelaars, Lady Greystraat 93, Paarl. 21/5/TK

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorstening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versum aan ons te stuur. Ons betaal f7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Let sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorstening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

VERKOPING

BUFFELFONTEIN Geregistreerde en Hoë Produksie Frieslandkudde bied 5 uitstaande jong bulle aan op Roderick en Kie. se Bulvandisie te Bloemfontein op 24 September. Goeie konstitusie met baie melk en bottervet. — T. B. JORDAAN, P/s Buffelfontein, SOMERSET-OOS. 13/8/2B

VOLKSANG- EN VOLKSPELEKURSUS.

'N KURSUS in Volksang en Volkspeler word gehou te Vryheid vanaf 4 tot 9 Oktober 1947. Om besonderhede skryf onmiddellik aan Mnr. C. J. BARNARD, Posbus 82, VRYHEID. 13/8/3

BRITTE SE MELKKOEI DROOG OP

Britse deskundiges het bereken dat die Amerikaanse dollarlening wat drie jaar moes hou, teen die begin van Oktober boomskraap sal wees. Daar is nog net f212 miljoen oor van die f937 miljoen waarop Engeland volgens die ooreenkoms aanspraak het. Op 25 Julie het Engeland weer f75 miljoen van die lening getrek.

Engeland se jaarlikse invoerbehoefte is sowat f1,500 miljoen, wat aansienlik meer is as die lening. Die Britse berekenings het dus heeltemal uitgeval.

Verseker u Toekoms
deur die Eienaar te word van **VASTE EIENDOM**

★ BOUPERSELE
★ WOONHUISE
★ PLASE
★ BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON

Raadpleeg — **J. (Kotie) THERON**
CROXLEY-GEBOU, KUSWEG,
Posbus 78 Foon 0028
STRAND

OSSEWABRANDWAG WELLINGTON

'n Afskeid word gereël vir Komdt. C. D. CILLIÉ in die vorm van 'n BRAAIVLEISAAND op 21 AUGUSTUS om 7 uur op VRUGBAAR, die Plaas van mnr. Joubert Cillié.

Ons verwag die Kommandant-Generaal en ander hoër Offisiere. Offisiere en vriende van omliggende dorpe word uitgenooi en alle belangstellendes is hartlik welkom.

HET U U INTEKENING OP DIE O.B. HERNU?

So nie, staan u in gevaar dat toesending aan u adres binnekort gestaak word.

Die stelsel van kommando-intekening het op 30 Junie laastelede verval. Vanaf 1 Julie teken almal regstreeks teen 10/- per jaar op die blad in. Om seker te maak dat u geen uitgawe van ons amptelike mondstuk sal mis nie, moet u onmiddellik onderstaande vorm voltooi en saam met u intekengeld pos.

VUL ASSEBLIEF HIER IN DIE SEKRETARIS,
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK,
POSEBUS 1411,
KAAPSTAD.

Geagte Heer,
Ek het tot dusver „DIE O.B.” deur middel van die kommando ontvang en neem daarvan kennis dat intekengeld vanaf 1 Julie 1947 regstreeks aan Voorslag (Edms.) Bpk., vooruitbetaalbaar is teen 10/- per jaar.
Gaan asseblief voort om „DIE O.B.” aan my adres te stuur tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hiermee vind u die bedrag van.....
vir.....jaar/e se intekengeld.
Naam:
Posadres:
.....
.....
Datum Handtekening

Dr. Van Zyl Doen Beroep op Malan

Gebiedsleier Betreur Kruithoring-Aanval

„Ek doen 'n beroep op dr. Malan om hom uit te lig bo die klein verskille wat ons van mekaar weg hou en om die hele volk saam te bring op die grondslag van die groot dinge waarom ons almal eners voel,” het gebiedsleier dr. F. D. du Toit van Zyl verlede Saterdag op Worcester by geleentheid van O.B.-dagviering gesê. Die vergadering wat baie geesdriftig was, is ook toegesprek deur hoofgenl. P. R. Retief.

Genl. Van Zyl het 'n oorsig gegee van die buitelandse ontwikkelinge waardeur Rusland vandag feitlik die hele wêreld reeds beheer. Oor die hele Asië en Oos-Europa strek sy gesag en ook oor die gekleurde miljoene in Afrika wat deur kommunistiese propaganda en leiding teen die blanke rasse in die harnas verkeer. In die lig hiervan is dit geen oordrywing nie om te sê dat die stukkie Westerse beskawing waarvan die vier miljoen blankes in Afrika die draers is, met totale ondergang bedreig word.

Teen die agtergrond van hierdie gevaar is die posisie so dat geskiedkundige werklikhede dit moeilik maak vir die twee blanke rasse in Suid-Afrika om as 'n eenheid op te tree. Maar 'n mens sou minstens verwag dat die Afrikanerdeel verenig sou wees. Dit is jammer dat die eenheid onder die Afrikaners wat eenmaal verkry is deur partypolitieke belange vernietig is en dat so 'n jarelange stryd onder Afrikaners veroorsaak is.

BETER GEES

Dit is daarom verblydend om in die jongste tyd 'n beter gees te begin waarneem. Verskillende gebeurtenisse het die gedagte laat posvat dat minstens die leier van die H.N.P. die gevaar ingesien en maatreëls begin tref het om die gevaar die hoof te bied. Sy ooreenkomst met mnr. N. C. Havenga dui dan ook daarop dat die propaganda van die Ossewabrandwag vir 'n breë volksfront minstens gedeeltelik reeds ingang gevind het.

By hierdie ontwikkeling het die Ossewabrandwag voor 'n keuse te staan gekom. Hy moes kies om of afsydig daarvan te staan en dan onder te gaan of om sy gewig by die Afrikanerparty in te werp en sodoende sterk te word. Die O.B. was laasgenoemde stap verskuldig aan homself en aan die geskiedenis van die verlede en die toekoms. As draer van die republikeinse gedagte vir wie daar nog 'n belangrike toekoms-taak wag, mag ons nie toesien dat die O.B. ondergaan nie. Ook

Gaan Vreemde Onderwysers Haal

Die sending van die Transvaalse onderwysowerheid na die buiteland vir die werwing van honderd Engelse onderwysers het Vrydag uit Kaapstad na Brittanje vertrek.

Die sending bestaan uit mnr. H. J. Kreft en mnr. P. J. Lotz. Hulle het verlov ontvang om ook op die vasteland onderwysers te werf as hulle dit nodig ag.

Die wetlike verpligting wat op Transvaalse onderwysers rus om tweetalig te wees, word opgeskort vir die Engelse onderwysers, aan wie 'n paar jaar tyd gegee sal word om Afrikaans te leer.

terwille van die offers wat tydens die oorlog gebring is, mag dit nie gebeur nie.

EENHEID

Maar die O.B. se ondersteuning van die A.P. het boweal ten doel om die begeerde volke-eenheid te forseer en te verseker. Sy aandeel aan die A.P. en sodoende aan die samewerking sal die waarborg wees dat 'n stryd teen mede-Afrikaners soos in die afgelope jare hom nie weer sal herhaal nie. Daarom is O.B.-lede deur hul leiding aangemoedig om by die Afrikanerparty aan te sluit.

KRUITHORING

Genl. Van Zyl het in verband met die vordering na eenheid verwys na die bitsige aanvalle in die Kruithoring op die Ossewabrandwag. Dr. Malan is direkteur van genoemde blad wat die amptelike mondstuk van sy party is. Spr. is bereid om aan te neem dat hy nie vooraf bewus was van die artikel nie, maar dan is dr. Malan terwille van die saak van eenheid dit aan die publiek verskuldig om 'n verklaring te doen daaroor. Die Ossewabrandwag vra net dat dit vir hom moontlik gemaak moet word om sy deel aan die samewerking te neem.

Dr. Van Zyl het gesê dat hy dr. Malan beskou as 'n opregte Afrikaner, en as leier van die grootste Afrikanergroep doen hy 'n beroep op hom om net soos Churchill gedurende die afgelope oorlog na vore te kom as 'n volksman tot redding van sy volk. „Ek doen 'n beroep op dr. Malan”, het dr. Van Zyl onder toejuiging gesê, „om hom uit te lig bo die klein verskille wat ons van mekaar weg hou en die hele volk saam te bring op die grondslag van die dinge waarom ons almal eners voel.”

In Diens Van Indië

Pandit Nehroe, leier van Indië, het 'n boodskap aan die Indiërs in Suid-Afrika gestuur by geleentheid van die viering van die vrywording van Indië. „Op hierdie dag van vrywording stuur die moederland sy innige groete aan sy kinders in die buiteland. Hy roep hulle tot diens en tot diens van die vryheid, waar hulle ook al mag wees. Elke Indiër in die buiteland is 'n verteenwoordiger van Indië en moet onthou dat hy vir die eer van sy land verantwoordelik is.”

Hiermee het Nehroe ook erken dat die Indiërs in Suid-Afrika geen regte kan eis nie aangesien hulle nog as Indiese burgers beskou word en dus slegs die voorregte kan geniet wat Suid-Afrika hulle as vreemdelinge gun.

V.S.A. DAAG RUSLAND UIT OOR GRIEKELAND

Die Verenigde State van Amerika het Rusland gedreig dat indien sy veto die optrede van die V.V.O. in die Balkan dwarsboom, Amerika ander maatreëls buite die V.V.O. om sal neem om Griekeland te beskerm. Amerika het Rusland ook direk beskuldig dat hy verantwoordelik is vir die moeilikheid in Griekeland.

Hierdie dreigement is in die Veiligheidsraad deur Herchel Johnston, die Amerikaanse afgevaardigde, uitgespreek. Hy het gesê dat die state benoemde Griekeland agressors is en dat die V.S.A. met enige ander land sal saamstaan om Griekeland te help in sy stryd vir onafhanklikheid.

„Ons beskou nie ons verpligtinge jeens die V.V.O. as beëindig enkel omdat ons oogmerke deur die Russiese veto gedwarsboom word nie,” het hy gewaarsku.

„Dit is al te duidelik dat die veto gebruik word as 'n middel ter beskerming van die aanvalle deur Joego-Slawië, Albanië en

Bulgarië. Ons wil dit duidelik stel dat ons nie sal aarsel om elke maatreël ter verkryging van internasionale vrede, soos deur die Handves van die V.V.O. goedgekeur, toe te pas nie. Ons sal ook nie aarsel om aan Griekeland die beskerming te bied wat hy in die toekoms nodig kan hê nie,” het Johnston namens Amerika verklaar.

Kommando Op Villiers Gestig H.P.-Voorsitter Spreek Waardering Uit

Vir die eerste keer sedert die skeuring in 1941 is daar aan die begin van die maand weer 'n Ossewabrandwag-vergadering op Villiersdorp gehou en wel deur genl. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier, en hoofgenl. Max Smuts onder voorsitterskap van mnr. P. J. Gunter. Die saal was vol van belangstellende nielede, aangesien daar geen O.B.-kommando meer bestaan het nie. Etlieke plaaslike leiers van die H.N.P. en hul gevolg was ook teenwoordig, en aan die end van die vergadering het een van hulle 'n mosie van dank in die spreker voorgestel wat algemeen aangeneem is. Die voorsteller het besondere waardering uitgespreek vir die beleid van samewerking van die Ossewabrandwag, soos deur die spreker uiteengesit. Hy het gesê dat hy nie bewus was van hierdie standpunt van die O.B. nie, en hom daarin verheug dat hy dit vanaand kon verneem het.

Genl. Laubscher het gesê dat daar 'n vennootskap bestaan tussen die Afrikanerparty en H.N.P. en dat 'n opposisiefrent daardeur moontlik gemaak is teen veldm. Smuts en die Empire deurdat een van die vennote ook 'n vriend van die Ossewabrandwag is. Hy het bygevoeg dat daar egter dorings gegroei het tussen die Afrikaner in die H.N.P. en dié in die O.B. Vir volle en geesdriftige ondersteuning is dit noodsaaklik dat hierdie dorings verwyder moet word, en daarin kan die plaaslike takke hul deel bydra, aangesien die uitskop van O.B.-lede bekrachtig is deur die kongres waarvan hulle lede was. In dié verband het genl. Laubscher as voorbeeld genoem die feit dat Die Burger 'n advertensie plaas van 'n vergadering van mnr. Mushet, 'n leier van die Verenigde Party, dog weier om 'n betaalde advertensie van 'n O.B.-funksie op te neem. „Dis 'n doring wat verwyder moet word,” het hy gesê. Daar is besluit om weer 'n kommando op die been te bring.

DIEF KRY SPYT

Voordat hy homself onlangs in die Paarlse tronk in sy sel opgehang het, het James Fleming, 'n 46-jarige blanke dief, 'n brief aan die magistratuur geskryf waarin hy verklaar: „Laat my smadelike einde dien as 'n verdere waarskuwing dat misdaad nie betaal nie, hetsy vir persoonlike gewin of in die Robin Hood-tradisie.”

Hy skryf verder dat hy 'n einde gaan maak aan sy nuttelose en sondige bestaan en dat hy meen hy sy land 'n diens bewys deur homself te verwyder.

Dan Seker Die Ander Diskwalifikasie

Volgens berig in die Cape Times is mnr. P. J. Wolmarans, L.P.R. en lid van die Verenigde Party, deur die Minister van Justisie „gediskwalifiseer” as lid van die Kaapstadse dranklisenieraad. Volgens die berig het die magistratuur van Kaapstad by die stadsraad navraag gedoen of die opvolger wat vir mnr. Wolmarans aanbeveel word, „Afrikaans kan praat, lees en skryf en of hy lid van die Ossewabrandwag is.”

Aangesien mnr. Wolmarans nie lid van die Ossewabrandwag is nie, moet die oorsaak van sy diskwalifikasie blykbaar gesoek word in die feit dat hy „Afrikaans kan praat, lees en skryf”.

Geskiedenis deur Kuns!

MY KVAS VERTEL

Deur W. H. COETZER 40/-, Porto 2/-
Die Geskiedenis van Suid-Afrika, insonderheid die Groot Trek, die Vryheidsoorloë en die Eeufeesjaar, in beeld soos deur die kunstenaar gesien 111 Afdrukke waarvan vier in kleure. Grootte: 7½ dm. x 10 dm. 242 bladsye gebind in goeie linne.

Wat is die betekenis van die doop? Waarom doop ons iemand? Wie mag gedoop word? Op hierdie vrae en nog baie ander kry u 'n duidelike antwoord in

DIE CHRISTELIKE DOOP

Deur Ds. J. D. VORSTER 2/3 posvry.

Die verhouding van die jong man en jong meisie tot hul Toekomstige Huis

EK EN MY HUIS

Deur C. en D. VAN ROOY 2/6 posvry.

1. Die Vrou en haar Huis. — Briewe van 'n moeder aan haar dogter, wat op troue staan.
2. Die Man en sy Huis. — 'n Vader verduidelik aan sy seun wat sy verhouding tot sy huis moet wees.

PRO ECCLESIA- BOEKHANDEL

Posbus 29 STELLENBOSCH

SKROEF BLYKBAAR LOS IN SUIKERHANDEL

Sommige Kry en Ander Nie

Onderzoek deur Die O.B. het aan die lig gebring dat die suiker-distribusie in Kaapstad so oneweredig is dat sommige winkels aan die einde van die week 'n surplus het wat hulle oor die toonbank kan verkoop, terwyl andere selfs nie eens voldoende voorrade het om hul vaste klandisie op 'n gelyke peil met die rantsoene van ses maande gelede te voorsien nie—en dit ten spyte van 'n aangekondigde verhoging van 20 persent van die suikerkwota sedert Julie.

Wat veral belangwekkend is, is die feit dat van die grootste Joodse sake in die stad geen klagtes oor hul suikerkwota het nie, terwyl ander firmas van dieselfde status verklaar dat hulle nog geen ekstra toekenning ontvang het nie en in sommige gevalle selfs minder as 'n paar maande gelede, ontvang.

Die rede vir hierdie wanverdeling is beslis iets wat 'n ondersoek verg van owerheidsweë, aangesien dit nie duidelik is of dit 'n kwessie van bevoorregting of wel van misleiding aan die kant van sommige firmas is nie. Die gevolge is nogtans dieselfde — naamlik 'n verskuiwing van klandisie na die winkels wat hul volle kwota suiker kan lewer, en in elk geval 'n wandistribusie aan verbruikers.

Amptelik is die huidige suiker-toekenning sowat 110 persent van die verbruik van die suikerjaar 1945—'46, wat beteken dat dit ongeveer 85 persent is van die normale verbruik, aangesien daar in 1945—'46 'n tekort was.

Die inkoopbestuurder van 'n bekende Engelse firma het aan die O.B. verklaar dat hy sedert Julie nog geen ekstra toekenning ontvang het nie. Hy het in die pers gelees van 'n twintig persent-vermeerdering, maar dit kom hom voor asof hy nie daarvoor in aanmerking kom nie. Aan hom is wel belowe dat hy teen die end van hierdie maand moontlik iets sal kry.

SELFS MINDER

Die eienaar van 'n Afrikaanse saak in die stad het verklaar dat hy sowat 60 persent van die toekenning ontvang waarop hy geregtig is. Waar hy sy klandisie voorheen tot 6 pond per week per gesin gerantsoeneer het, kan hy tans nie meer as 4 pond verskaf nie, en dreig sy klandisie om weg te gaan of hom te verla. Hy het hierdie maand inderdaad minder suiker ontvang as die vorige.

Navraag by twee groot Joods-beheerde sake het egter aan die lig gebring dat hulle hul volle 110 persent gereeld ontvang. „Ons ontvang selfs meer as wat ons in 1938 verkoop het,” het een met groot armgeswaai beduie. Hulle verskaf, soos ander winkels, ook maar net aan vaste klandisie, maar dit gebeur dikwels dat hulle 'n oorskot het sodat hulle oor die toonbank ook kan verkoop.

ONGEREELDE TOEVOER

Toe 'n uitvoerende beampte van die suikerbeurs om 'n verklaring genader is, het hy gesê dat 'n groot deel van verlede maand se toekennings nog agterstallig is weens gebrekkige toevoer na Kaapstad. Tot dusver kon hulle ook net sowat een-

kwart van die kwota van Augustus toeken omdat daar nie genoeg suiker ontvang is nie. Dit blyk dan ook dat die grootste moeilikheid die hopelose vervoerreëling na Kaapstad is. Suiker word slegs per geleentheid deur besoekende skepe van Durban na Kaapstad gebring, en 'n paar maande gelede was die hele Boland vir etlike weke lank sonder suiker omdat daar geen toevallige skepe na Kaapstad gekom het nie.

„Daar is min maande wat die suikerbeurs reg aan sy ongeveer 2,000 klante kan laat geskied,” het die beampte gesê. Wanneer daar tog 'n vrag suiker aankom, is daar dikwels weer 'n gebrek aan trokke om dit verder te vervoer, is verklaar.

Raad Vra Laer Voedselpryse

'n Versoek dat die Nasionale Bemerkingsraad stappe doen om die pryse van noodsaaklike voedsel te verlaag, is verlede week deur die Nasionale Gesondheidsraad in Bloemfontein in 'n voorstel beliggaam. 'n Komitee is benoem om te oorweeg oor die uitvoering van die voorstel.

Dr. B. P. Lubbe het daarop gewys dat 'n groot deel van die Unie se bevolking ondervoed is omdat die pryse van voedsel nie deur die broodwinners bygebring kan word nie weens die ontsaglike winste op die stedelike markte. In sommige dele soos die Transkei is meer as die helfte van die kinders ondervoed, het hy gesê.

Hierdie voorstel stem ooreen met die pleidooie van die O.B. dat 'n algehele hersiening van ons bemerkingstelsel dringend noodsaaklik geword het. Die bemerking van voedsel en vrugte, wat vandag hoofsaaklik op geldmakery toegespits is, behoort in die eerste plaas benader te word as 'n kwessie van voedselverskaffing aan die bevolking waaraan behoorlike vergoeding vir dienste verbonden is. Dan sal die afset gelyk wees aan die behoefte. Vandag egter word die mark gereël deur die maatstaf van 'n kunsmatige vraag en aanbod deurdat 'n groot deel van die verbruikers ten spyte van 'n behoefte aan byvoorbeeld groente en vrugte, geen bydrae tot die aanvraag lewer nie omdat die pryse bo hul vermoë is. Gevolglik is daar 'n „surplus” voedsel en vrugte wat of uitgevoer of vernietig moet word.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Bepark, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Bepark, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Churchill Laak Optrede Van Dislojale Emigrante


Winston Churchill het 'n beroep gedoen op die halfmiljoen Britte wat van voorneme is om te emigreer, om Brittanje nie in die steek te laat nie „maar om die saak uit te veg”. Sowat 500,000 Britte wil na die dominiums verhuis terwyl etlike honderdduisende van voorneme is om na die Amerikas te gaan.

Churchill het verklaar dat hy geskok is dat meer as 'n halfmiljoen Britte binne twee jaar

nadat die nuwe regering bewind aanvaar het, besig is om uit Brittanje te vlug. Hy het die regering van wanbestuur en bevordering van partybelange beskuldig.

Hy het dit gelaak dat die emigrasie toegelaat word op 'n tydstop wanneer Brittanje Europa deursoek vir twintig- of dertigduisend verplaste persone wat die Britse arbeidskragte kan versterk, berig Sapa-Reuter.

Veilige Lugvaart



Die na-oorlogse lugvaart is heelwat veiliger as voor die

oorlog. Vliegtuie wat in ongunstige weer nie neerstyk en self nie van 'n radar-toestel voorsien is nie, word nou ook in staat gestel om veilig te land deur middel van 'n apparaat wat vanaf die grond die vliegtuig lei. Loodse is hier besig om tydens mooi weer te oefen om aan die stelsel gewoond te raak.

Nieteenstaande al hierdie wondermiddels beleef die wêreld nog voortdurend groot lugrampe.

Blind vir Foute In Engeland Se Immigrant

„Ek lees u hoofartikels byna elke dag, en reg of verkeerd, het ek tot die gevolgtrekking gekom dat u of u oë sluit vir die werklike feite of dat u baie grootliks verkeerd ingelig word omtrent die werklike toestande in Engeland vandag,” is die kommentaar van 'n Britse immigrant nadat hy veertien dae in Suid-Afrika was op die Cape Times se standpunt ten opsigte van Brittanje.

Hy verklaar dat hy uit Engeland padgegee het omdat hy dit daar nie meer kon uithou nie. Hy meen dat as Churchill toegelaat was om met die koalisieregering voort te gaan, Engeland hom nie in die veragtelike toestand van vandag sou bevind het nie. Hy sluit af met die volgende teregwyding:

„Aangesien ons dus so voel, sal dit nie vir ons moontlik wees om enige menings wat u oor sake in Engeland mag lug ernstig op te neem nie, en dit is ongelukkig vir u, daar 100 persent van die nuwe aankomelinge vir die volgende twee jaar almal soos ek sal dink.

KOMMUNISTE ONTKIESER 70 PERSENT VAN VOLK

Die kommunistiese verkiesingskomitees in Hongarye het meer as die helfte van die kiesers van Budapest en 'n baie groot gedeelte van die landelike kiesers vir die belaglikste ekskuse ontkieser met die oog op die aanstaande verkiesing wat op 31 Augustus plaasvind.

Deur hierdie tipies kommunistiese stappe om alle teenstanders te likwideer, is die Hongaarse kommuniste seker dat hulle 'n reuse oorwinning in die aanstaande verkiesing sal behaal.

Die eienaar van 'n eetplek is ontkieser omdat 'n geestelike, „vader Balogh”, gereeld daar eet; 'n ander omdat sy ligte tot middernag brand, en 'n ander omdat sy „oorgelowig” sou wees! Een-en-dertig persone wat in een plek saam woon het kennis gekry dat hulle nie sal kan stem nie omdat die plek gekonfiskeer is!

Die meerderheid lede van die opposisiegroep het kennis gekry dat hulle nie sal kan stem nie. Onder hulle is die leier van die sterkste groep, Ezabo. Dieselfde lot het ook Andrew Reicher, 'n bekende lid van die Hongaarse parlement, getref.

Die komitees wat die kieserslyste opstel bestaan grootliks uit Kommuniste of persone wat

met die linkse groepe simpatiseer.

'n Koerant van die opposisie verklaar dat tussen 50 en 70 persent van die volk nie sal kan

stem nie. Die koerant het die grootste sirkulasie in Hongarye en het kort na verskyning opdrag gekry om die artikel waarin hierdie verklaring gedoen is, te verwyder.

CLANWILLIAM-BLOMME

Vir die volgende vier weke sal Clanwilliam-distrik oortrek wees met 'n bont massa wilde blomme. Nou is die tyd om dit te kom sien.

Die regte en beste plek om by tuis te gaan is die

HOTEL CLANWILLIAM

(Bestuurder: R. STRASSBERGER)

FOON 2

POSBUS 4

Skryf om besonderhede en bespreek vroegtydig.

Noodvergadering Van Kabinet

Die Britse kabinet is Sondag haastig byeën geroep vir 'n vergadering in verband met die krisis. Sapa-Reuter berig dat 'n vergadering van die volle kabinet nog net eenmaal tevore op 'n Sondag gehou is en dit was in 1931 met die afstapping van goud.